Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 7

Leerderboek: Kwartaal 1

Informele aktiwiteite: Week 3 & 4

Luister en praat

Kenmerke van ‘n gedig

Beeldspraak

- **Personifikasie:** Wanneer dinge wat ‘n mens kan doen aan ‘n dier of voorwerp toegeken word bv.: “die *wind huil* om die hoek”
- **Klanknabootsing:** Wanneer klanke nagemaak word bv.: “*Kok, kok, kok,”* sê Pappa Haan.
- **Vergelyking:** Wanneer twee goed met mekaar vergelyk word bv.: “die meisie is so lig *soos* ‘n veer.

Rym

- Wanneer woorde met mekaar rym bv. haan en gaan.
- **Allitirasie:** Wanneer medeklinkers aan die begin van woorde herhaal word bv.: “die wind waai woes deur my hare”.
- **Assonansie:** Wanneer klinkers in woorde herhaal word bv.: “die maan gaan staan”.

Ritme

Dit is wanneer ons sekere woorde of lettergrepe herhaal en beklemtoon bv.: “swáái ek, wáái ek, wínd se kínd. Dit laat die gedig amper soos ‘n liedjie klink.

Bou van ‘n gedig

- **Titel:** Naam van die gedig
- **Versreël:** Een reël van die gedig.
- **Strofe:** ‘n Paar versreëls saam vorm ‘n strofe. ‘n Oop versreël verskyn voor elke nuwe strofe.
- **Figuurlike betekenis:** Wanneer jy iets sê maar jy bedoel iets anders bv.: as iemand sê dat die tyd vlieg, beteken dit dat die tyd vinnig verby gaan.
- **Tema:** Die belangrikste gedagte van die gedig of storie.

- **Atmosfeer/stemming:** Die gevoel wat jy kry wanneer jy die gedig lees bv. *vrolik, hartseer, bang, ernstig*

Luister na 'n gedig

Jou onderwyser gaan die vrae saam met julle lees. Luister aandagtig na die gedig wat jou onderwyser twee keer hardop in die klas gaan lees. Maak aantekeninge terwyl jy luister. Beantwoord die vrae skriftelik in jou werkboek.

1. Kyk na die titel en die prentjie. Waaroor dink jy gaan die gedig?
2. Watter blommetjies word in die gedig genoem?
3. Wat is die kleur van die blommetjies?
4. Wat is die tema van die gedig?
5. Dink jy die digter dink baie aan die ander persoon? Gee 'n rede vir jou antwoord.
6. Gee 'n voorbeeld van personifikasie uit stofe 1.
7. Waarom dink jy sê die digter dat sy 'n glashuishart het?
8. Waarom wil die digter vir die ander persoon blomme bring?
9. Wat bedoel die digter met: *"En in elke klas blom my hoop so geel."*
10. Hou jy van die gedig? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Ek droom oor jou

Geel magrietjies tuimel
oor my tong, woorde
wat groei in my
glashuishart.

Ek hou van jou -
ek droom oor jou
in die wiskundeklas.

Ek hou van jou -
ek droom oor jou
in die wetenskapklas.

Ek wil vir jou
my magrietjies bring .

Vou die blaartjies
in jou hande toe,
vleg die stingels
om jou vingers vas.

Want ek hou van jou
ek droom oor jou.
En in elke klas
blom my hoop so geel.

Ek droom oor jou…



Bron: *Via Afrika – Afrikaans Huistaal graad 7*

Bespreek die gedig

Bespreek julle antwoorde binne klasverband met die klasmaats en onderwyser. Neem beurte om te praat. Deel julle idees, menings en standpunte oor die gedig.

Lees en kyk

Gaan oefen by die huis om die gedig hardop te lees. Let op die volgende terwyl jy voorberei.

- Moenie op een stemtoon lees nie. Gebruik jou stem om jou voorlesing interessant te maak.
- Praat hard genoeg sodat almal jou kan hoor.
- Spreek die woorde reg uit.
- Lees reëls aaneen en gee aandag aan leestekens.
- Maak oogkontak met jou klasmaats.
- Gebruik goeie liggaamstaal.

Skryf en aanbied

Skryf jou eie gedig

Lees die voorbeeld van die gedig

Veertien

***V**ir jare wens ek -*
***E**k moet veertien word -*
***E**n almal is bly*
***R**aai, ek is amper daar!*
***T**ien was ek klaar*
***I**n graad 4 was ek toe.*
***E**n nou is ek daar:*
***'n** hele veertien die jaar!*



Skryf jou eie gedig:

- Volg die skryfproses (beplan jou gedig deur gedagtes neer te skryf, skryf 'n eerste weergawe en skryf daarna jou finale gedig.)

- Gebruik die letters van jou ouderdom en skryf dit ondermekaar neer.
- Elke versreël moet met daardie letter begin soos in die voorbeeld.

Taalstukture & -konvensies

Skryftekens

1. **Deelteken (ë):** Sodat woorde reg uitgespreek kan word.

   Leer die volgende woorde wat met ‘n deelteken geskryf word. Leer om die woorde reg uit te spreek en reg te spel. Maak seker dat jy die betekenis van elke woord verstaan.

   - Die **voël** vlieg in die lug.
   - As dit **reën** dan word die damme vol water.
   - Ek het lekker kos **geëet.**
   - Die pad moet **breër** gemaak word sodat twee motors langs mekaar kan ry.
   - My ma het die **leë** bottel in die asdrom gegooi.

2. **Kappie (ê):** By lettergrepe wat uitgerek moet word (lank uitgespreek moet word).

   - Ek **lê** op my bed wanneer ek slaap.
   - Juffrou **sê** dat ons die werk moet doen.
   - **Môre** is die volgende dag.
   - Jy moet jou boeke in jou tas **bêre.**
   - Sokker is die gewildste sportsoort in die **wêreld.**

3. **Afkappingsteken (‘):** Afkappingstekens word by meervoude en verkleinwoorde gebruik.

   - Al die **ma’s** kom na die skool toe.
   - Ek het ‘n **foto’tjie** van my maat in my beursie.
   - Sy naam begin met ‘n **a’tjie.**

Wanneer letters in woorde weggelaat word.

- **Daar's (daar is)** nie op Saterdae skool nie.
- Hy het **g'n (geen)** verskoning nie.

Meervoude & verkleinwoorde (purals & diminutives)

Meervoude is iets wat meer as een is. Verkleinwoorde is die kleintjie van 'n grote. Leer die volgende meervoude en verkleinwoorde.

s.nw	Meervoud	Verkleinwoord	s.nw	Meervoud	Verkleinwoord
kop	koppe	koppie	ouma	oumas	oumatjie
vis	visse	vissie	vlieg	vlieë	vliegie
oog	oë	ogie	foto	foto's	foto'tjie
muur	mure	muurtjie	kind	kinders	kindjie
motor	motor	motortjie	brug	brûe	bruggie

Geslag (gender)

Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
man	vrou	vriend	vriendin
oupa	ouma	speler	speelster
broer	suster	meneer	mevrou / mejuffrou
seun	dogter / meisie	kêrel	nooi
digter	digteres	akteur	aktrise

BETER KOMMUNIKASIE (VERVOLG)

2. VERSKONINGS (apologies)	
pardon?	ekskuus?
excuse me, please	verskoon my, asseblief
will you forgive me?	sal jy my vergewe?
forgive me, please	vergewe my, asseblief
I am sorry	Ek is jammer
excuse me	ekskuus tog
it is a pity	dis jammer
it is not my fault	dis nie my skuld nie
it will never happen again	dit sal nooit weer gebeur nie
3. BEDANKINGS (to thank)	
don't mention it	nie te danke nie
I appreciate it	Ek waardeer dit
it is a pleasure	dis 'n plesier
thank you	dankie
thank you very much	baie dankie
thank you for your trouble	dankie vir jou moeite